# Feesuitgawe



## NED GEREF GEMEENTE JAAR VAN GENADE

Op 9 Oktober 1968 het die gemeente Constantia afgestig van die Ned Geref Gemeente Zwaanswyk. Die verbintenis met die moeder-gemeente is deur die jare in stand gehou met besoeke, sosiale verkeer, kansel-ruilings en wedersydse gesamentlike dienste soos ook vanjaar op Goeie Vrydag.

Toe Constantia-gemeente in 1968 sy beslag gekry het, was die eerste leraar ds Z B Badenhorst. Mev Johanna Maree (in die omgang algemeen bekend as tannie K.P. wat sommer "Tannie Kappie" uitgespreek was)was die eerste skriba-kassier.

Die terrein waarop die kerk gebou is, was voorheen deel van die Kreupelboschlandgoed. Toe die stadsraad verlof gegee het vir die bou van die kerkkompleks, was dit met die uitdruklike voorwaarde (ter wille van die bure) "dat daar nie in die kerksaal gedans word nie."

Ds Izak de Villiers, wat ds Badenhorst opgevolg het as leraar, is op sy beurt opgevolg deur ds Uys Theron, die huidige leraar.



Dus, in die veertig jaar van die bestaan van die gemeente, is die bediening deur drie leraars behartig.

Deur die jare is ook by geleentheid op `n deeltydse basis van die hulp van ander leraars gebruik gemaak. Tans beskik die gemeente sedert 2007 ook oor die dienste van ds Vernon Louw wat hoofsaaklik die Houtbaai-wyke van die gemeente bedien. In dieselfde jaar as wat die gemeente afgestig het, is daar in Houtbaai 'n nuwe kerksaal opgerig waar elke Sondag 'n erediens gehou word.

Afrikaanssprekendes was in 1968 in hierdie deel van die stad in die minderheid en die situasie het steeds nie verander nie. In 1973 met die oprigting van die kerkgebou dui ds De Viliers aan dat die 550 lidmate versprei is oor die groot gebied van Dieprivier, Heathfield, Retreat, Meadowridge, Bergvliet, Kreupelbosch, Constantia, Houtbaai en Llandudno.

Volgens die jongste opname staan die lidmaattal op 547. Hiervan is byna 'n derde buite die gemeentegrense woonagtig (wat destyds nie deur die Kerkorde toegelaat is nie).

Die verspreidheid van die Afrikaanssprekende in die omgewing bring mee dat die kerk `n spilpunt word waar hulle mekaar opsoek en daarom is die kuier na die diens op pad motors toe `n algemene gesig.

Pieter Pelser, die argitek, het die kerk so ontwerp dat die waaiervormige voorkoms `n intimiteit skep wat versterk word deur die uitsluiting van enige natuurlike lig van buite. Dit bied sitplek vir sowat 400 mense. Die hele kompleks, met die orrel inkluis, het sowat R190 000 gekos.

Die Ned Geref Gemeente van Constantia bring dank aan die Ned Geref Gemeente Zwaanswyk wat veertig jaar gelede die jong kind toegelaat het om uit die huis te gaan en op sy eie bene te staan.

Die genade van die Hemelse Vader is groot oor ons almal.

# OORSIG OOR DIE VEERTIG JAAR: 1968 TOT 2008

Die gemeente Constantia (waarby Houtbaai ingesluit is), is op 9 Oktober 1968 van Zwaanswyk gemeente afgestig. Eredienste is aanvanklik in die saal van die Hoërskool Zwaanswyk gehou.

## PERSONEEL

Ons was deur die 40 jaar baie geseënd met die wonderlike personeel wat ons gehad het! Ds Vernon Louw (2007-) is maar die vierde voltydse predikant en eerste voltydse medeleraar van die gemeente. Ds Z B Badenhorst (1968-1972), ds Izak de Villiers (1973-1983) en ds Uys Theron (1984-) is die ander drie.

Ds Badenhorst het 'n beroep Pofadder toe aangeneem. Hy is intussen oorlede. Ds De Villiers is hiervandaan na die vrouetydskrif, *Sarie*, as redakteur en is tans afgetree en woon in Johannesburg waar hy soms nog in gemeentes help met die prediking. Hy is die skrywer van 'n hele paar boeke en digbundels en sommige van die liedere in ons Liedboek is uit sy pen.

Ds Why Duvenhage was as Polisiekapelaan aan die gemeente verbonde vanaf 1991 tot 1996 Hy is tans leraar in Stellenberg. Ds Jalize Uys was tentmakerleraar en die gemeente se eerste vrouedominee vanaf 2000 tot 2003 en is bygestaan deur haar man, prop Johannes Mouton. Hulle is hiervandaan Ottery toe en Johannes bedien tans Table View-gemeente. Propp Nico Roos, Nico Viljoen en Marius Greeff het ook vir 'n korter of langer tyd as bedieningshulpe opgetree. Sr J Mare het vanaf 1974 vir 'n tyd lank as geestelike werkster in die gemeente gehelp.

Die huidige orrelis te Constantia, Ean Smit, het in 1981 oorgeneem by mnr Naas Barnard. Sy eerste kwarteeu by ons is met 'n baie geslaagde musiekkonsert deur hom, die koor en Zanne Stapelberg gevier.

Yvonne Cilliers was die eerste skriba en het die pos vir 20 jaar beklee. Ander skribas was Gwen Bekker, Leana Goosen en vir die afgelope 8 jaar is dit Magda Bester. Sy is ook die koster en voor haar was daar mnr en mev Danie en Ria de Klerk, Verina van der Merwe en mnr Hendrik Broodryk. In Houtbaai was oom Freddie Brink 25 jaar lank koster en Pierre Myburgh die orrelis. Na sy vertrek is die begeleiding oorgeneem deur Johan Schreuder deur middel van 'n sang- en begeleidingsgroep. Die kosters was Johannes Mouton, Andre van der Merwe en Kobus Stander.

Attington Mvungane is al vir baie jare die baie getroue en betroubare tuinman te Constantia.

## GEBOUE

Constantia se kerkgebou is deur die argitek Pieter Pelser ontwerp en in 1973 ingewy. 'n Nuwe pastorie is in 1987 voltooi vir R185 732. Die volgende bouprojek, 'n gedenkmuur te Constantia, is in die beplanningstadium.

'n Nuwe kerkgebou is net voor die afstigting op 10 Augustus in Houtbaai in gebruik geneem. Vroeër is die saal by die begraafplaas wat tans nog deur 'n ander groep vir geestelike byeenkomste gebruik word, gebruik. In 1996 is nuwe kategeselokale vir Houtbaai ingewy. Die gemeente is ook lid van die *Hout Bay Christian Community Association* wat die kerksentrum in Imizamo Yethu opgerig het. Dit staan bekend as Iziko Lobomi.

# LIDMAATSTATISTIEK

Die gemeente se getalle is die laaste paar jare die laagste wat dit ooit was. Ons het vanjaar 547 lidmate teenoor 955 twintig jaar gelede. Dit is ten spyte van die feit dat gemeentegrense deur die Sinode oopgestel is sodat byna 'n derde van ons lidmate deesdae buite ons grense woonagtig is.

Die rede vir die afname is die vermindering in die getal Afrikaanssprekendes in ons omgewing. Dit kan ook duidelik aan die ander gemeentes en die skole gesien word. Daarvoor is al baie redes aangegee. Die Ring het dan ook verlede jaar 'n ondersoek geloods en aanbevelings gemaak oor hoe buurgemeentes nouer kan saamwerk.

Hoewel daar dus baie minder mense op 'n Sondag die eredienste bywoon as vantevore, is die persentasie bywoning nog min of meer dieselfde.

# SENDINGYWER

Sunelle Lötter, 'n dogter uit die gemeente, het in 1996 sendingwerk in België gedoen. Ons het in 1997 vir Dendermonde (België) as sustergemeente aangeneem.

Die volgende jaar het ons drie sendelinge in diensjaarspanne gehad: Jannie de Ridder (Rusland), Carlien Vavruch (Tsjeggië) en Liezel van Schalkwyk in die Vrystaat diensjaarspan. Carlien is nog steeds voltyds as sendeling by die Doulos betrokke.

Intussen het Theunis de Ridder ook al meer as een keer na Rusland toe uitgereik.

Die Jesus vir Ander (JAO) - aksie het goed momentum gekry en uitreike vind ook plaas na Rusland en Jemen en die Transkei.

Verskeie sendelinge en instansies word deur die Geloofsbelofteoffers en andersins ondersteun en daar vind jaarliks 'n Getuienisfees plaas.

*World Thrust* het in 1998 'n sendingseminaar aangebied en ons eerste Geloofsofferbeloftes lewer R262 000 op. Ds en mev Theron gaan op 'n uitreik na België en dit word die volgende jaar opgevolg met 'n uitreik deur 'n hele aantal lidmate na Deinze.

Plaaslik word daar op 'n gereelde basis uitgereik na Imizamo Yethu en D P Marais-hospitaal. Van ons lidmate is besig met voorbereidings om later vanjaar saam te gaan op 'n uitreik na Lesotho.

# DIE OUDSTE BYBELSTUDIEGROEP

Die oudste Bybelstudiegroep het ongeveer 1970 ontstaan onder leiding van Mev. K. Marais. Oor die jare het lede vertrek en nuwes het bygekom. Daar is nog 3 van hulle wat na 38 jaar nog gereeld byeenkom onder leiding van Ria de Klerk.

Wat is die passie hieragter? Die omgee vir mekaar natuurlik en daarom is die naam "Naomi" ook gekies vir hulle groep. Hulle het soms seniors tuis besoek met sang, gebede en 'n boodskap. Mettertyd het die groep gegroei tot 13 lede maar niemand wou daarvan weet om te verdeel in 2 kleiner groepe nie.

Op die oomblik is daar 7 lede waarvan 2 ernstige operasies ondergaan het. "Dit hou ons op ons knieë en ons dank ons Hemelse Vader vir herstel sodat ons daarna weer kon saamstaan om aan ander hulp te verleen." Hulle vergader Woensdagoggende en behandel op die oomblik Romeine.

# GEMEENTEKINDERS IN VOLTYDSE BEDIENING

Anriette de Ridder is tans leraar van die Ned Geref Kerk Stellenberg; Marius Greeff is predikant op Daniëlskuil; Carlien Govender en haar man Seelan is ‘n sendelinge op die Doulos skip en Madili Ackerman by Witrivier. Theunis de Ridder is besig om op Stellenbosch vir predikant te studeer.

# KERKRAADSBESLUITE

Daar is al in 1969 kommer uitgespreek oor die swak bywoning van aanddienste en weer in 1980 omdat gemiddeld net 180 mense die aanddienste bygewoon het. In 1972 word weer gekla oor die probleem om kerkraadsvakatures te vul. In 1975 word klagtes ontvang dat mense te veel TV kyk ten koste van kerkaktiwiteite.

In 1977 word met Engelse dienste begin. Die Algemene Sinode besluit die volgende jaar dat vroue nie meer hoede hoef kerk toe te dra nie. In 1982 word die eerste vroue as kerkraadslede bevestig. Die eerste vrouekerkraadslede was: Tersia de Jongh, Laura Boonzaaier (albei al oorlede), Mavis Grimbeek (nog in die gemeente) en Elsa Bergman.

Die kerkraad besluit in 1980 dat anderskleuriges aanddienste mag bywoon. Sedertdien het ‘n paar bruinmense lidmaat geword. Maandelikse gesamentlike byeenkomste met die VGK in Houtbaai word in 1996 ingestel. Kanselruilings (vanaf 1996) en gesamentlike dienste met die VGK het van tyd tot tyd plaasgevind. Die kerkraad vereenselwig hom in 1992 met die inhoud van die Belhar Belydenis en besluit in 1998 om dit as belydenisskrif te erken.

In 1981 word die eerste basaar gehou. Die basaar word in 1995 met wyksprojekte vervang.

Die Teddiebeerfees het as so ‘n projek begin (1998) en later het al die ander wyke daaraan begin saamwerk. Hierdie is die gemeente se grootste fondsinsamelingsprojek en word elke jaar op 1 Mei gehou .

Die kerkraad begin in 1984 in kommissies funksioneer. Daar word ook begin met ‘n Vroue-aksie en Kinderkrans.

Die doop is in 1984 die eerste keer in Houtbaai bedien. In 1986 word nagmaal op Houtbaai goedgekeur. In 1988 word met aanddienste op Houtbaai begin en vanaf 1989 is daar dwarsdeur die jaar oggenddienste. Kwartaallikse nagmale vind vanaf 2004 afsonderlik plaas tussen Houtbaai en Constantia. Van toe af verander die eredienstye elke semester ter wille van die vroegopstaners en die en die laat-slapers.

In 1985 word besluit om ook druiwesap tydens die Nagmaal te bedien. Wyksbyeenkomste word in 1987 ingestel en dit lei in 1996 tot die begin van die eerste selgroep.

Die kerkraad besluit ook in 1987, in lyn met die sinode, dat die kerkraad en die predikant nie meer swart en wit hoef te dra nie.

In 1992 word strategies beplanning gedoen en die leuse *Constantia vir Christus* word gekies. ‘n Nuwe Visie: *Herstel Eden deur die krag van Jesus*, en Missie: *Gemobiliseerde Edenwerkers wat vanuit die Woord met hul gawes voortdurend en entoesiasties uitreik tot eer van God*, word in 2003 formuleer. Nuwe strukture met ‘n verkleinde kerkraad en aparte wyksrade word in werking gestel. In 2004 word ‘n nuwe logo in gebruik geneem.

Esmari Borchardt is die eerste vrou wat as voorsitter van die Wyksraad verkies word (2008).

Die kerkraad besluit in 2007 om ‘n voltydse leraar in die persoon van ds Vernon Louw vir Houtbaai aan te stel.

# GEESTELIKE TOERUSTING

Verskeie kampe is deur die jare vir die kerkraad, lidmate en jeug op verskillende plekke aangebied: die Strand, Disakloof, Bettysbaai, Sandbaai, Melkbos, Simonstad, Stanford, Grabouw, ens.

Waardevolle kursusse wat in die gemeente aangebied is, was Gemeentebou, Alpha, Ontdek jou Gawes, 40 dae Doelgerigte Lewe, *Walk Thru the Bible*, Getroue Getuies en Projek Eksodus. Tans word *Growing Kids God's Way* en Alpha aangebied. Retraites vind sedert 2003 jaarliks plaas en hierdie jaar is die naweek se stilte weer geniet by *The Lord's Teamhouse* te Noordhoek.

Sondagaande word meestal gebruik vir toerustingsgeleenthede en in die week is daar 'n hele paar Bybelstudiegroepe en selgroepe wat saamkom. In Houtbaai word jaarliks 'n Pasgamaal gevier.

Nuwighede in Constantia vanjaar is die Meditasiediens en die Fliekvlooi- en Boekwurm-aand elke kwartaal.

# JEUG

Die eerste dopelinge in die nuwe kerkgebou was Dana van Zyl, Phillip Jacobs en Anton Marais. Die eerste katkisant wat belydenis van geloof daar afgelê het, was Eric Muller. Die Kapenhof nywerheidskool vir dogters word in 1979 gestig en daardie jaar is daar 43 katkisante wat belydenis van geloof aflê. Net die volgende jaar verval die Jeugaksie as gevolg van te min belangstelling.

1984 - 'n Kinderkrans word weer gestig.


1988 - 'n Kinderkerk begin tydens eredienste.

1992 - Juventus, 'n aksie vir naskoolse jongmense, sien die lig.

1993 - Die Nuwe Jeugsangbundel word in gebruik geneem.

1995 - Nuwe kategeselokale word te Houtbaai opgerig.

1998 - 'n Kinderweek en avontuurkamp vir die kinders gehou. 'n Nuwe aksie vir naskoolse jeug, Zone 7, kom weer aan die gang. Hierdie groep staan deesdae bekend as die *Twenty Somethings.*



Kinders word ook nou toegelaat om nagmaal te gebruik en help fluks met die insameling van die dankoffers in die erediens. Van hulle neem deel aan die Koffiekroeg en geniet die deurnagte by die kerksaal of uitstappies baie. Die kampe vir die Belydenisklas het sedert 1984 'n gereelde instelling geword en die kinders het al tot by die Oranjerivier gaan draai.

# DIE FEESBLAD FOTO-ALBUM!

Kinders, Amelia en Jaime, op besoek by Rusoord hard aan die sing. Volg die skakel op die 40 fees webblad om meer fotos te sien.

# SENIORS

Trudie Bindemann sê om 15 jaar betrokke te wees by die gemeente se senior burgers was nie net 'n voorreg nie, maar beslis ook 'n verrykende en opwindende ervaring. Sy dink terug aan dié goeie dae en die entoesiastiese, energieke en hulpvaardige mense wat haar so getrou ondersteun het.

Sonder die agtermekaar span helpers sou die "senior wiele" nie kon rol nie. Saam het hulle baie gesellige funksies gehou, op uitstappies gegaan, ander gemeentes se seniors na Constantia toe uitgenooi en op vele geleenthede het gaste by hulle kom optree en sommer net lekker saamgekuier.

Met die basaar het almal aangetree vir die seniors se heerlike kerrie, tuisgebakte brode en die bakke vol koekies en beskuit wat getuig het van die ywer waarmee daar deur die seniors gewerk is. Die jaarlikse Kers-funksie moet ook uitgesonder word. Dit was altyd iets spesiaals en vir elke senior 'n hoogtepunt van die Feesgety.

Daar was ook die hartseertye. Soos dit die Here behaag, moes hulle deur die jare van sommige seniors afskeid neem. Dit was nooit maklik nie, elkeen van hulle was soos familie. Tog, Constantia gemeente se seniors was oor die jare baie ryklik geseën en vandag kan ek, sê Trudie, nou self 'n senior, met groot tevre-denheid en 'n tikkie heimwee, terugdink aan diè besonderse jare.

# 1968

***Ons onthou ....die van ons wat kán ....die jaar ....1968***

Dit was 'n jaar van oproer en geweld, wêreldwyd, in proteste vir groter demokrasie. Tog word 1968 in Suid-Afrika, na die Rivonia-verhoor van die middel-sestigs, gesien as die kalmte voor die storm van die later jare van politieke en ekonomiese onrus onder die Nasionale Party se apartheidsbeleid. John Vorster is Eerste Minister en in Rhodesië is Ian Smith die man wat beheer probeer behou. In SWA is Suid-Afrikaanse magte in 'n stryd teen die rebellemagte van SWAPO gewikkel.

Op die kulturele front is dit die jare van "Die sestigers" - 'n groep invloedryke Afrikaanse skrywers en digters (o a André Brink, Breyten Breytenbach, Jan Rabie, Ingrid Jonker) wat in later jare al hoe sterker protes aanteken teen die beperkinge wat die regering se beleid op die samelewing stel.

Op die rugbyveld herstel die Springbokke hulle eer teen die Franse met die toer deur Frankryk onder leiding van Dawie de Villiers. Die drie wat Frik du Preez teen die Britse Leeus aanteken, dra by tot die legende van die rugbyheld. Op die krieketveld is dit die jaar van Peter van der Merwe, Ali Bacher en die Pollock broers. Op die gholfbaan is Gary Player die held van die sestigs.

Op die wêreldtoneel is dit die jare van die Koue oorlog met die "Rooi Gevaar" en die "Ystergordyn" soos weerspieël in die media van die tyd, onder andere in die James Bond films. In Amerika is Lyndon Johnson nog president maar dit is verkiesingsjaar vir die VSA en die sluipmoord op Robert Kennedy maak die pad oop vir Richard Nixon. Die swart burgerregte beweging is meer sigbaar en in teenreaksie hierop word Martin Luther King, Jr vermoor. Terselfdertyd is die VSA ook in 'n felle stryd in Vietnam gewikkel wat vandag resoneer in die stryd in Irak. In Europa gee die jong mense hulle misnoeë met hulle regeringsbeleid te kenne in opstande. "Flower Children" probeer met blommekranse en die slagspreuk: "Love & Peace" wêreldvrede vermag. Woodstock vind in 1969 plaas en LSD is die dwelm wat ouers in daardie jare vrees. In Port Canaveral is NASA besig om voor te berei vir die eerste maanlanding.

# WAT HET ALLES GEBEUR IN1968

| *1968 was'n skrikkeljaar wat op 'n Maandag begin het* | |
|---|---|
| 3 Januarie | SA: Dr T E Dönges, verkose staatspresident, sterf na 'n lang siekbed. |
| 1 Februarie | SA: J J Fouché verkies as die nuwe staatspresident.<br>Viëtnamese oorlog: 'n Viët-Kong offisier is in 'n straat in Saigon tereggestel deur die Suid-Viëtnamese polisiehoof. Die foto van die gebeure wen die Pullitzer prys vir fotograaf Eddie Adams en veroorsaak die begin van 'n ommekeer in openbare opinie in die VSA teen die oorlog. |
| 15 Februarie | Die Internasionale Olimpiese Komitee besluit om SA weer toe te laat tot die Olimpiese Spele wat in Oktober in Meksikostad plaasvind. |
| 27 Maart | SA: Die wysigingswet op die Verbod teen Gemengde Huwelike is onderteken ten spyte van sterk teenkanting deur die opposisiepartye, die Verenigde Party en die Progressiewe Party.<br>Rusland: Yuri Gagarin, die eerste ruimtevaarder (1961), sterf in 'n vliegtuigongeluk. |
| 4 April | VSA: Martin Luther King, Jr vermoor in 'n sluipmoordaanval in Memphis, Tennessee. Opstande breek uit in stede dwarsoor die land vir dae daarna. James Earl Ray word op 8 Junie gearresteer vir die moord. |
| I Junie | VSA: Helen Keller, segsvrou vir dowes en blindes, sterf op 88-jarige leeftyd. |
| 5 Junie | VSA: Senator Robert Kennedy geskiet in Los Angeles tydens 'n verkiesingsveldtog. Hy sterf die volgende dag aan sy wonde. |
| 17 September | SA: die Britse MCC toer na SA word gekanselleer omdat die regering weier om Basil D'Olivera as lid van die toerspan te erken. |
| 22 September | SA: 'n Verslag van die SA Raad van Kerke verdoem die regering se apartheidsbeleid. |
| 11 Oktober | VSA: Apollo 7, die eerste bemande ruimtetuig, word gelanseer met Wally Schirra, Donn Eisele en Walter Cunningham aanboord. |
| 17 Desember | SA: die eerste vuurpyl wat geheel en al in SA ontwikkel en vervaardig is, word van die lanseringstasie by St Lucia afgevuur. |
| 24 Desember | VSA: Apollo 8 beweeg in 'n baan om die maan. Ruimtevaarders Frank Borman, Jim Lovell en William Anders word die eerste mense wat die agterkant van die maan aanskou. |

***Die Oscar wenners daardie jaar:***

Beste fliek: *In the Heat of the Night*

Beste akteur: Rod Steiger, *In the Heat of the Night*

Beste aktrise: Katherine Hepburn, *Guess Who's Coming to Dinner*

# TOEKA EN NOU

| | **1968** | **2008** |
|---|---|---|
| Aflospredikant per preekbeurt | R50,00 | R500,00 |
| Koster per maand | R20,00 | R1200,00 |
| Bankkollekte per maand | R73,00 | R9,949,00 |
| Deurkollekte per maand | R63,00 | R2,550,00 |
| Dankoffer per maand | R632,00 | R52,490,00 |
| Kerk telefoon per maand | R7,12 | R685,98 |
| Elektrisiteit van kerk per maand | R11,50 | R415,00 |
| Nagmaalwyn per nagmaal | R3,20 | R54,00 |

# STAALTJIES

Die Kerkraad is dikwels die bron van heelwat pret: Daar word nog onthou van ds Van der Westhuizen se stryd met rooivlerkspreeus in die kerk van Houtbaai se dak. Die spreeus se luise het afgesif op sy natgeswete kop (3 uur die middag was dit snikheet en met sy swart togapak was dit eers erg) en hy moes gedurig sy kop en gesig afvee totdat die kerkraad darem besluit het om van die spreeus ontslae te raak.

By geleentheid het wyle oudl. André van der Merwe na die Pinksterreeks gesuggereer dat ds Uys Theron enkele dae verlof gegun moet word. Die vraag word gevra, hoekom? Ewe ernstig antwoord André, "om te ontspan", waarop `n kwinkslag uit die geledere kom: "As hy verder ontspan, gaan hy in `n koma" onnodig om te sê, die dominee het toe nie met verlof gegaan nie.

In die dae van ds De Villiers was die toegang tot die kerkgebou dikwels onder bespreking en is die argitek ook sommer geraps – so al asof hy verantwoordelik was vir die reën wat soms buite die kerk op `n mens se kop val. So word daar die aand met omslagtigheid deur die Eiendomskommissie verduidelik hoe daar `n afskorting van glas en aluminium en wat nog by die hoofingang opgerig kan word. Dit sou dan die kerkgangers in staat stel om hulleself gereed te maak om die nattigheid motor toe aan te durf, ens., ens. Ds Izak raak toe later ook effens moeg vir die bespreking en stel toe voor dat ons almal gaan kyk waarvan die broer praat. So gesê, so gedaan. Uiteindelik is almal nou baie beter ingelig terug in die konsistorie. Toe wil Yvonne weet waar is haar presensielys. Nêrens te vinde nie. "Dit lê seker buite op die muur wat ons nou pas gebou het…", waag iemand.

So het iemand tydens die diens by geleentheid een van die kerkbanke laat knars en kraak, en die orrel se pype het afgetuimel en die ouderlinge het vervaard skuiling gesoek tot groot vermaak van diegene wat veilig teen die kranse gesit het. Op 'n keer het `n oom met `n stentorstem met die volgende vers van `n gesang aangegaan sonder die orrelbegeleiding of die steun van die res van die gemeente. Die leraar, ek vermoed dit was ds De Villiers, het plat vooroor op die preekstoel op sy hande gaan lê en heerlik gelag.

Wyle Piet Visser het graag vertel hoe die krag een aand die kerkgebou versaak het – ja, ESKOM (toe seker nog EVKOM) was toe al met voorbereidings besig – maar, ewentwil, die krag is af, maar die gemeente sal afsluit met `n lied. Die lied is opgegee en die voorsanger sit in en die ander agterna. Maar, o wee, toe die wysie op is, toe is daar nog `n reël van die gesang oor. Vrolik is die gemeente daar uit.

Die eienaardige ontwerp van die kerkgebou bring mee dat almal onder die leraar se oë is. Tydens huisbesoek vra ds Theron aan die suster waarom hulle so min in die kerk is, waarop sy antwoord: Nee, ons kom; ons sit maar so agter in die kerk. Hoe kon die kerk se vorm haar dan nou so weggee. As `n mens nou ook nie weet hoe die plek binne lyk nie…

Ds Why het ook by geleentheid `n suster gekonfronteer oor swak kerkbywoning en sy haal die verskoning uit van haar beroep wat meebring dat sy nie aan die Vrouediens kan behoort nie. "Maar dis nie nodig nie", sê die dominee. En ek kan nie hardop bid in die kerk nie. "Maar dis nie nodig nie,"sê die dominee. Ai dominee, my kinders maak dit vir my baie moeilik; ek moet eers soggens vir hulle kos gee, want my seun werk laat en my matriekdogter studeer baie laat op Saterdagaande en… "Maar dis nie nodig nie," sê die dominee, "vir een dag kan hulle dit seker self doen." En ek is al so skaam oor ek so min daar kom… "Maar dis nie nodig nie," sê die ds. En ek…, en toe swyg sy maar en toe sê die dominee: "Kom ons bid."

## SIT TERUG DIE HOEDE EN WIT DASSE!

Op 7 September 2008 het Constantia ‘n outydse diens gehou en gemeentelede het aangetrek soos 40 jaar gelede. Oudkerkraadslede moes weer hulle swart pakke gaan uithaal en die dames het die hoede en sykouse gaan soek. Selfs ds Theron het weer sy toga en wit das uit die kas gehaal.

## LIDMATE ONTHOU NOG...

Kenne Botha met sy gesin was een van die eerste inwoners van die nuutgestigte voorstad Bergvliet, in 1948.

As werknemer van die Kaapse Af-delingsraad was dit juis een van Kenne se opdragte om te sorg dat die paaie aangelê word, en te sorg vir die installering van riolering en ander noodsaaklike fasiliteite. Hy en sy gesin het aangesluit by die Retreat gemeente wat later 'n naamsverandering ondergaan het en Zwaanswykgemeente geword het.

Met die besluit om af te stig van Zwaanswykgemeente moes daar ook besluit word waar die nuwe kerk gebou moet word. Die ligging was bepaal deur die demografie van die area wat die kerk sou bedien in ag te neem. Daar was besluit op die huidige perseel omdat dit sentraal geleë is tussen die digter bevolkte dele in Bergvliet en Dieprivier en die dele met minder mense in Constantia. In daardie tyd het die Kreupelboschlandgoed aan die Purcell gesin behoort wat in Engeland gewoon het.

Hulle het besluit om van die landgoed ontslae te raak en dit laat verdeel om as residensiële persele te laat verkoop. Hulle het toe-stemming gegee dat die perseel op die hoek van Firgroveweg en Ladies Mileweg gebruik mag word vir die bou van die kerk.

Met die indiening van die planne vir die onderverdeling van die grond het die Dorpskommissie egter beswaar aangeteken omdat die erf nie oorspronklik gemerk was vir residensiële gebruik nie, dit was opsy gesit as 'n ongemerkte erf op die plan. Die Dorpskommissie wou gehad het dat die plan heringedien moes word.

Met al die sloerdery het die boukommissie vir Kenne Botha kom sien en hom gevra of hy nie kan help om sake vinniger te laat verloop nie. Kenne was bevriend met Frans Conradie, op daardie stadium die waarnemende administrateur van die Kaapse Afdelingsraad.

Toe hy hoor dat die nuwe gemeente graag hulle kerk op die perseel wou oprig het hy self ingetree, die plan deur die Dorpskommissie goedgekeur laat kry en vir die Purcells se agent in kennis gestel dat die voorheen ongemerkte perseel nou as 'n kerkperseel gebruik mag word. En so kon daar voortgegaan word om Constantiagemeente se kerk te bou.

Vir Kenne wat Bergvliet en die omgewing sien opgroei het uit die vroegste jare het die omgewing baie verander. Die inwoners van Bergvliet in die beginjare het mekaar goed geken. Pa's het hulle kinders se stootwaentjies gestoot en almal het sommer op straat met die bure gekuier. Elkeen het geweet waar die ander woon en vreemdelinge wat iemand in die buurt kom soek het kon gou gehelp word. Vandag is dit heeltemal anders en is dit ongewoon as jy selfs jou bure ken.

# IS "VEERTIG" BETEKENISVOL?

Die Bybel is vol verwysings na die tydperk van "veertig". So het dit vir 40 dae en 40 nagte gereën met die vloed, het Noag nog 40 dae gewag voor hy uit die ark gekom het, Moses was 40 dae op die berg saam met God, en het sy gesig vir 40 dae geglinster toe hy afkom. Die spioene het 40 dae geneem om vrugte vanaf die beloofde land terug te bring, en die Israeliete was 40 jaar in die woestyn. Goliat het die Israeliete daagliks vir 40 dae lank gekoggel, Elia het vir 40 dae geleef op die een maaltyd wat hy van die engel gekry het. Jesus het 40 dae lank gevas in die woestyn, en het ook vir 40 dae lank op aarde verskyn voor Sy hemelvaart.

Betekenisvol? Miskien ja. En tog is daar 'n mening dat die Aramese taal die konsep van 'n lang tydperk verwoord het met die getal "40". So, wanneer daar na "veertig" verwys word, beteken dit eintlik bloot "'n baie lang tyd."

'n Lang tyd ja, maar hoe sê die spreekwoord? "Die lewe begin eers op 40!".

# EN WAT NOU VERDER?

VORENTOE………

Die werkers by my fabriek wou elke oggend as ons met Godsdiens begin, hierdie gewilde koortjie van hulle sing…….

♫….. as Hy kom op die wolke van die hemel

elke oog sal Hom sien

elke knie sal moet buig

en elke tong sal moet bely…♫ X2

♫♫ VORENTOE, AGTERTOE…

soos die golwe van die see

so is die liefde van Jesus……..rondom my.

HIERDIE KANT TOE, DAARDIE KANT TOE…

soos die golwe van die see

so is die liefde van Jesus……. rondom my ♫♫

♫ ♫

Hiermee wou hulle hul omstandighede tuis, enigiets wat in hulle lewe miskien nie lekker was nie, vir hierdie nuwe dag verruil, wat agter is los, vóór en nuut begin….maak nie saak wat vorentoe lê nie, dit wat verby is, is verby…..daar wag 'n nuwe dag, 'n lekker dag, 'n dag vol van nuwe dinge met die sekerheid van:

♪ …die liefde van Jesus is rondom my…..♪

***Die "VORENTOE" van Constantia en Houtbaaigemeente lê opgesluit in hierdie koortjie.***

Groete

Vernon Louw

**Spesiale dank aan almal wat 'n bydrae gelewer het vir die saamstel van hierdie feesblad!**